P.J.W. Schutte
’n Leier van formaat

Vandag staan die huisie verlate en vervalle - ’n stille herinnering aan ’n groot figuur uit die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk. Hierdie huis, minder as ’n uur se ry van Potchefstroom en naby die Gatsrand, was eens ’n trotse opstal op Buffeldoorns. Dit was die plaas van *Philippus Jacobus Wilhelmus Schutte.*

Hierdie man was ’n bittereinder van ’n ou waarheid. Gebore in 1805, het hy geleef toe die Liberalisme ’n aanslag op bykans alle lewensterreine gemaak het. Daar was, op politieke gebied, die stryd rondom die Slagtersnekrebellie (1815), die Swarte Ommegang en die vrystelling van slawe (1834). Die verengelsingsbeleid van Somerset beleef hy op sosiale terrein en hy hoor die geroep om sogenaamde “volksverligting” wat nou orals weerklink. Op kerklike terrein is die sendingroeping destyds vermink tot ’n liberaal filantropiese omgang met anderskleuriges. Die kollegialistiese kerkregeringstelsel kom in die plek van die Dordtse Kerkorde; die erediens raak al meer humanisties gekleur. Die invoering van Gesange is ’n voorbeeld van hierdie verval.

P.J.W. Schutte word egter in hierdie “verligte” tyd deur sy ouers opgevoed in die ortodoks Gereformeerde leer van die Calvinisme. Dit sou sy hele lewe deur vir hom ’n allesomvattende lewensleer bly. Op elke terrein van die lewe sou hy God se Woord altyd eerste plaas. Daarom kan ons praat van Schutte die “kerkman” op *elke* terrein van die lewe. Twee fases van sy openbare lewe word nou eers bekyk.

1850 - 1855: Die militêre leier

In 1849 vestig Schutte hom te Buffelsdoorns. (Dié plaas is oorspronklik as Buffelsdoorn geregistreer, in die volksmond word dit egter gou Buffelsdoorns en vandag is daar in dié omgewing die Gereformeerde Kerk Buffeldoorns. Van hier af het Schutte as kerkman sy leiding op verskillende gebiede van die lewe laat uitgaan.

As gelowige stry hy saam met sy medevolksgenote om die vryheid en onafhanklikheid van hulle nuwe vaderland. Hy tree daarby besonder sterk na vore wanneer hy, saam met die latere Staatspresident Paul Kruger, ondertekenaar is van die Sandrivier-konvensie. Hierdie stuk sou vir meer as 'n halwe eeu daarna die staatkundige ontwikkeling van die ZAR bepaal.

Kort na die ondertekening van die Sandrivier-konvensie is Schutte deur die Volksraad ingesweer as onderkommandant en later word hy kommandant by verskeie strafekspedisies teen strydlustige Swart stamme betrokke.

By geleentheid moes hy ’n wapensmokkelary ondersoek. Dit bring hom toe in kontak met Segeli, ’n bekeerling van David Livingstone. Schutte ontdek toe dat hierdie “bekeerling” al die tyd skuiling verleen aan die smokkelaars en aan ’n moordenaar. By verdere ondersoek ontdek Schutte dan ook dat die smokkelary sy oorsprong had te Kolobeng, by die huis van Livingstone self. Schutte rapporteer dan later aan die Volksraad: *Wy vonden geweermakersgereedschappen meer dan Bybels; ook half klaare geweeren, zodat het meer schyn na een geweermakersfabriek als na een school of kerk.* Hierop reageer Livingstone deur gerugte die wêreld in te stuur dat die Boere vyande van die sendelinge en wrede verdrukkers van ander bevolkingsgroepe is!

Die werklike rede agter hierdie militêre konflik tussen Schutte en Livingstone lê egter veel dieper. Dit het sy wortels in die konflik tussen die geestestrominge van die Negentiende eeu. Livingstone, uit die geestelike dampkring van die Londense Sendinggenootskappe, was ’n dissipel van die Humanisme soos beoefen in die liberale filantropie. Volgens hierdie leer is die mens van nature goed en onskuldig. Die Boer is daarom verantwoordelik gehou vir die laer lewenstandaarde van die inboorlingstamme. Verder is geglo dat Christelikheid bloot bestaan uit ’n algemene verdraagsaamheid teenoor hierdie “onskuldige natuur kinders” wanneer hulle hulle aan veediefstalle en moordtogte skuldig maak.

Maar P.J.W. Schutte was Calvinis wat God se Woord op *elke* lewensterrein wou laat geld. Hy het in die Bybel geleer dat die mens in die totale verdorwenheid van die sonde voor God staan sonder enige selfverontskuldiging: Gesag, ook militêre gesag, is deur God aan die owerheid gegee om orde en wet te handhaaf en dus ook moord as sonde te straf. So is hy op militêre gebied, as geestelike leier, intiem betrokke in die geestelike stryd van sy tyd.

In hierdie verweefdheid van kerk en staat sien Schutte egter ook die ander sy van hierdie verhouding raak: die selfstandigheid van die kerk teenoor die staat. Daarom versoek hy in 1853 die Volksraad om die “daarstelle van kerkgelyke orders en wette”. In ’n tyd met ’n vervalle kerkorde stry hy vir die herstel van die Dordtse Kerkorde. As daar in daardie jare aan hierdie versoek van Schutte gehoor gegee is, kan die kerkgeskiedenis vandag heelwat anders gelees het. Ongelukkig was hy ’n enkele stem teen die oorweldigende golf van die Liberalisme in kerk en staat.

1856 - 1857: Die politieke leier

Nuwejaar 1856 was ’n dag wat met huiwering in die hart deur baie burgers in Transvaal begroet is. Kerk en staat was in ’n greep van broedertwis gewikkel. In die enigste kerk, die Hervormde Kerk, het die spanning tussen die “Lydenburgers”, die “Psalmisten” en die “Van der Hoffers” tot breekpunt gekom. Op staatkundige gebied het gewapende konflik tussen M.W. Pretorius en Schoeman se ondersteuners gedreig.

Skeuring en broederstryd was op almal se lippe. Soos dit van enige goeie leier verwag kan word, neem pres. M.W. Pretorius die leiding in ’n versoeningspoging tussen die strydende groepe. As vertroueling en raadgewer kies hy uit juis vir P.J.W. Schutte. In so ’n mate is hy deur Schutte beïnvloed dat hy later dit hom ten doel gestel het om versoening te bewerkstellig met as grondslag die *“Dordtse Sinode”.*

Pres. Pretorius wend hom ook tot P.J.W. Schutte om as sy verteenwoordiger hulp te gaan soek by van die predikante in die Kaap Kolonie. Jare later sou ds. Dirk Postma weer verwys na hierdie veelbewoë jare waarin soveel op P.J.W. Schutte gesteun is. Hy het hom beskryf as ’n burger wat “het wettige overheid eerende, ondersteunende, ja helpende met raad en daad, al kon hij zich soms ook niet met den gang der zaken vereenigen.”

Ds. Wynand du Plessis

© 2016
www.christelikemedia.org